

Effektetrust-Sessievorm

Deur hierdie vorm in te vul, gee u ons opdrag om 'n sessie ten opsigte van u effektetrustbelegging aan te teken ten gunste van 'n ander individu of regsentiteit aan wie u u belegging sedeer. 'n Sessie vind gewoonlik plaas om die gesedeerde onderaandeel as sekuriteit aan te bied vir 'n lening wat deur die ander individu of regsentiteit verskaf word.

Stuur asseblief die ingevulde vorm en stawende dokumente na:

E-pos UTinstructions@sanlaminvestmentsupport.com Faks 0860 724 0467

Indien u enige vrae het, tree asseblief met ons in verbinding by:

Tel 0860 100 266 E-pos service@sanlaminvestments.com

Notes on completion of this form

- Hierdie vorm sal slegs gebruik word om u sessie-opdrag te verwerk. Indien u u persoonlike inligting wil verander, moet u 'n Effektetrust-Opdateringsvorm invul wat by www.sanlamunitrusts.co.za verkrygbaar is.
- Indien u u sessie-opdrag wil kanselleer, benodig ons 'n skriftelike opdrag, onderteken deur albei partye (sedent en sessionaris) op 'n maatskappy briefhoof (indien van toepassing).
- Ons sal net die sessie-opdrag uitvoer sodra die vorm deur die belegger en/of gemagtigde ondertekenaars ingevul, gedateer en onderteken is en ons al die nodige stawende dokumente ontvang het. Dit sluit u geverifieerde bankrekeningbesonderhede en vereistes ingevolge die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, Nr 38 van 2001 (FICA) in, indien van toepassing.
- Parafeer asseblief onderaan elke bladsy asook enige veranderinge wat op hierdie vorm aangebring word.
- Enige skrif buite die aangewese blokkies, of onvolledige velde kan 'n vertraging met die verwerking van die sessie-opdrag veroorsaak.
- Lees asseblief al die inligting in hierdie vorm aandagtig, met inbegrip van die bepalings en voorwaardes in afdeling 6, en maak seker dat u dit verstaan.

1. Besonderhede van sedent (belegger) (alle velde is verpligtend)

Beleggerskode _____

Titel Mnr. Mev. Mej. Ander (spesifiseer) _____

Volle name en van / geregistreerde naam van regsentiteit _____

ID- / paspoort- / entiteitsregistrasienommer _____

Telefoon (h) () () _____

Spesifieke land en areakode bv. +27 21 555 5555

E-posadres _____

2. Besonderhede van sessionaris (alle velde is verpligtend)

Beleggerskode (indien bestaande belegger): _____

Titel Mnr. Mev. Mej. Ander (spesifiseer) _____

Volle name en van / geregistreerde naam van regsentiteit _____

ID- / paspoort- / entiteitsregistrasienommer _____

Geboortedatum _____ (ddmmejj)

Straatadres _____

Land _____ Poskode _____

Posadres _____

Land _____ Poskode _____

Telefoon (h) () () _____

Spesifieke land en areakode bv. +27 21 555 5555

E-posadres _____

Parafeer _____

3. Sydelingse sessie (vir sekuriteit)

Effektetrustfondse	Klas	Beleggerskode	*Rand		Aantal onder-aandeel		Alle onder-aandeel
				of		of	
				of		of	
				of		of	
				of		of	

* Randkeuse slegs vir geldmark-tipe fondse beskikbaar.

Binne gemeenskap van goedere getroud? (Dui met 'n 'X' aan)

Ja Nee Nvt

Indien "Ja" word die skriftelike toestemming van die sedent se gade ingevolge Artikel 15(2) van die Wet op Huweliksgoedere, Nr. 88 van 1984, vereis. U gade moet afdeling 7b van hierdie vorm onderteken.

4. Dokumente benodig

- Afskrif van die pandakte / onderliggende hoofooreenkoms tussen die partye.
- Sessievorm volledig ingevul deur die sedent en die sessionaris.
- Indien die sedent nie aan FICA voldoen nie, moet afskrifte van die sedent se FICA-dokumente ingedien word.

5. Belangrike notas

Wat is die doel van hierdie vorm?

Hierdie vorm dien as u opdrag om 'n sessie op hierdie belegging aan te teken. Dit is nie die werklike sessie-ooreenkoms nie. U sal die sessieooreenkoms aangaan met 'n derde party (gewoonlik 'n bank of finansiële instelling) aan wie u u belegging sedgeer. Indien u volle eienaarskap van u onderaandeel aan 'n derde party wil oordra, moet u 'n Effektetrust-Opdateringsvorm, wat by www.sanlamunitrusts.co.za beskikbaar is, invul.

Sedent

Die Sedent is die persoon of regsentiteit in wie se naam die belegging gehou word, met ander woorde die belegger. Die sedent sedgeer onderaandeel in die belegging aan die sessionaris (gewoonlik 'n finansiële instelling).

Sessionaris

Die Sessionaris is die persoon of regsentiteit (gewoonlik 'n finansiële instelling) ten gunste van wie onderaandeel in die belegging gesedgeer word. Die sessionaris het volle regte in die onderaandeel wat aan hom gesedgeer is.

Hoe teken ons die sessie aan?

Ons teken 'n sessie aan deur die sedent (die belegger) daarvan te weerhou om transaksies aan te gaan ten opsigte van die onderaandeel aangedui in afdeling 3.

Wie kan transaksies ten opsigte van die gesedgeerde onderaandeel aangaan?

Solank die sessie in plek bly, mag die sedent nie die gesedgeerde onderaandeel sonder die skriftelike toestemming van die sessionaris onttrek, oordra of omskakel nie. Indien die sessionaris instem, sal die sedent en sessionaris toestemming vir die verwerking van die transaksie moet verleen.

Parafeer _____

6. Bepalings en voorwaardes

- Die sedent en die sessionaris bevestig en verstaan dat die waarde van die belegging van tyd tot tyd kan wissel.
- Indien geen onderaandeel of randbedrag gespesifiseer is nie, word die totale aantal onderaandeel gesedeer. Indien ons 'n versoek ontvang om 'n sessie vir 'n randbedrag aan te teken, word die randbedrag omgesit in onderaandeel van gelyke waarde. Nadat ons die sessie aangeteken het, word die prys van die onderaandeel teen die jongste beskikbare prys bereken. Die sedent en sessionaris bevestig en verstaan dat die waarde van die belegging van tyd tot tyd kan wissel. Die sedent en sessionaris aanvaar die risiko van sodanige wisseling en dat dit hul verantwoordelikheid is om die waarde van die sekuriteit wat verskaf is, te monitor.
- Geen onttrekking of omskakeling van gesedeerde onderaandeel word sonder die skriftelike toestemming van die sessionaris toegelaat nie. Indien die totale aantal onderaandeel verpand is, moet die sedent én die sessionaris toestemming vir 'n onttrekking gee. Indien slegs 'n deel van die onderaandeel gesedeer is, is die deel wat nie gesedeer is nie beskikbaar vir onttrekking deur die sedent word die toestemming van die sessionaris nie benodig nie. Indien die sedent van die gesedeerde deel van die belegging wil onttrek, word die toestemming van die sedent én die sessionaris benodig.
- Indien die sedent (belegger) se persoonlike inligting verander het, moet 'n Effektetrust-Opdateringsvorm ingevul word. Dit is by www.sanlamunitrusts.co.za beskikbaar.
- Ons aanvaar dat die opdragte wat ons ontvang korrek is en deur die gemagtigde individu of ondertekenaars (sedent en sessionaris) onderteken is.
- Ons sal opdragte slegs uitvoer indien dit volledig is en deur korrek ingevulde dokumente gestaaf word. U opdrag kan ook vertraag word indien dit verkeerd uitgereik, onduidelik of onvolledig is, of indien volledige stawende dokumente nie ingedien is nie. Al die velde is verpligtend en moet volledig ingevul word.
- Die sedent en sessionaris verstaan dat die sessie op ons rekords aangeteken sal bly totdat ons skriftelik deur die sessionaris in kennis gestel is dat die rekord van die sessie gekanselleer moet word.
- Ons of ons gemagtigde agente kan nie aanspreeklik gehou word vir regstreekse of onregstreekse skade veroorsaak as gevolg van ons uitvoering van die opdragte in hierdie vorm nie. Die sedent (belegger) en sessionaris vrywaar ons, ons direkteure, werknemers, verteenwoordigers en agente ook teen enige eis wat mag voortspruit uit ons uitvoering van die opdragte in hierdie vorm of enige toekomstige opdragte ontvang van die sedent of sessionaris ná die aantekening van 'n sessie.

7. Verklaring deur belegger

- Ek / Ons bevestig dat ek die magtiging het en regsbevoeg is om hierdie transaksie aan te gaan, met die nodige regshulp wanneer dit vereis word.
- Ek / Ons het die inhoud van hierdie sessievorm gelees en verstaan dit en gaan akkoord met die bepalinge en voorwaardes daarin vervat.

7a. Handtekening van sedent (belegger)

Handtekening van belegger (sedent): _____ Datum _____ (ddmmeejj)

OF

Gemagtigde ondertekenaar(s) wat namens die belegger optree

(bv. ouers / voogde van 'n minderjarige, en alle persone wat gemagtig is om namens die belegger op te tree)

Titel Mnr. Mev. Mej. Ander (spesifiseer) _____

Volle name en van _____

Hoedanigheid _____

ID- / paspoort- / entiteitsregistrasienommer _____

Telefoon (h) () () _____

Spesifieke land en areakode bv. +27 21 555 5555

E-posadres _____

Handtekening _____ Datum _____ (ddmmeejj)

 Gemagtigde ondertekenaar(s) wat namens die belegger optree

7b. Handtekening van gade

Handtekening _____ Datum _____ (ddmmeejj)

 Handtekening van gade (indien binne gemeenskap van goedere getroud)

Parafeer _____

Verklaring deur belegger vervolg...**7c. Handtekening van sessionaris**Titel Mnr. Mev. Mej. Ander (spesifiseer) _____

Volle name en van _____

Hoedanigheid _____

ID- / paspoort- / entiteitsregistrasienommer _____

Telefoon (h) () () _____
Spesifieke land en areakode bv. +27 21 555 5555

E-posadres _____

Signature _____
Handtekening van sessionaris / gemagtigde ondertekenaar

Datum _____ (ddmmeejj)

Belangrike inligting

Die Sanlam-groep is 'n volle lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA (ASISA). Kollektiewe beleggingskemas is oor die algemeen medium- tot langtermynbeleggings. Let asseblief daarop dat prestasie van die verlede nie noodwendig 'n akkurate bepaling van toekomstige prestasie is nie, en dat die waarde van beleggings / onderaandele / effektetrusts kan daal sowel as styg. 'n Lys van fooie en koste en maksimum kommissies is beskikbaar by die Bestuurder, Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afgeb.)(Edms.)Bpk. ("Sanlam Kollektiewe Beleggings"), 'n geregistreerde en goedgekeurde Bestuurder van Kollektiewe Beleggingskemas in Sekuriteite. Bykomende inligting van die voorgestelde belegging, insluitend brosjures, aansoekvorms en jaarlikse of kwartaallikse verslae, kan gratis by die Bestuurder verkry word. Kollektiewe beleggings verhandel teen heersende pryse en mag lenings en skripenings aangaan. Kollektiewe beleggings word op die grondslag van netto batewaarde bereken, wat die totale markwaarde van alle bates in die portefeulje is, met inbegrip van enige inkomste-oploping en minus enige aftrekbare uitgawes soos oudit-, makelaars- en diensfooie. Werklike beleggingsprestasie van die portefeulje en die belegger sal verskil, afhangende van die toepaslike aanvangsheffing, die werklike beleggingsdatum, die datum van herbelegging van inkomste sowel as dividendterughoudingsbelasting. Verwagte pryse word gebruik. Die Bestuurder verskaf geen waarborg met betrekking tot óf die kapitaal óf die opbrengs van 'n portefeulje nie. Die prestasie van die portefeulje hang af van die onderliggende bates en veranderlike markfaktore. Prestasie word gegrond op netto batewaarde tot netto batewaarde-berekenings met inkomsteherbeleggings op die dividenddatum. Die prestasies van enkelbedragbeleggings word aangegee. Die portefeulje kan belê in ander goedgekeurde kollektiewe beleggingskemas wat hul eie fooie hef, wat 'n hoër fooiestruktuur vir ons portefeulje tot gevolg kan hê. Al die portefeulje-opsies wat aangebied word, is goedgekeurde kollektiewe beleggingskemas ingevolge die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, Nr 45 van 2002 ('CISCA'). Internasionale beleggings of beleggings in buitelandse sekuriteite kan bykomende risiko's dra, sowel as potensiële beperkings op die beskikbaarheid van markinligting. Die Bestuurder het die reg om enige portefeuljes vir nuwe beleggers te sluit om hulle meer doeltreffend ooreenkomstig hul mandaat bestuur. Die portefeuljebestuur van al die portefeuljes word uitgekонтрактеer aan verskaffers van finansiële dienste wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002, gemagtig is. Standard Bank van Suid-Afrika Bpk is die aangestelde kurator van die Sanlam Kollektiewe Beleggingskema.

Parafeer _____